### *Aankoms in Galilea. Die nuwe en ewigdurende Ryk*

*(Toe Hy in Galilea aankom, ontvang die Galileërs Hom, omdat hulle gesien het wat Hy alles in Jerusalem op die fees gedoen het. Want hulle was ook by die fees gewees.* ***Johannes. 4: 45****)*

**85** In die dal aangekom, bereik ons vinnig `n Galilese dorp waar baie van die Galileërs woon wat in Jerusalem op die fees was toe Ek die tempel gereinig het. Omdat dit kort tevore plaasgevind het, was alles nog vars in hulle geheue.

[2] Toe die Galileërs My sien wandel deur hulle dorp, kom hulle vinnig uit al hul huise die straat in, groet My vriendelik en kon My nie genoeg loof oor My, na hulle mening, gewaagde daad in die Tempel nie. En hulle vreugde om My weer te sien, was nog groter want hulle was byna almal van mening dat die fariseërs in Jerusalem My in die geheim uit hierdie wêreld gehelp het! Want hierdie Galiléërs het nog nie veel meer van My geweet, as dat Ek die vrome Seun van Josef was nie en dat Elohim met My was soos met Josef. Ek moes met My geselskap, deur die dag en tot die einde van die nag by hulle oorbly. Hulle het ons bedien na hulle vermoë, en daar was vele vrae en besprekings, en daar het ook die vraag gekom oor die Messias, en vele sien en herken Hom in My.

[3] Want **hulle** het gesê: “Wie soveel moed aan die dag lê in die tempel voor soveel duisende mense, moet van `n groot Mag bewus wees wat aan hom van Bo gegee is! Want as `n gewone mens dit sou doen, sal dit sleg met hom gaan met so `n onderneming; ook sou hy niks aan die verroeste mishandelaars kon doen wat al so lank in die tempel is nie! So asof `n geweldige storm onder hulle gekom het, het hulle uit die tempel gehardloop, - en sedertdien is geen mark meer in die tempel gehou nie!” En toe sê **Ek**: “En sal verder ook nie weer gehou word nie, want sy einde het naby gekom!”

[4] Daaroor verwonder **die Galileërs** hulle en antwoord: “As dit so is, dan sal dit daar vir ons sleg uitsien! Wat kom daar dan tereg van die ewige heerskappy van die nakomelinge van Dawid wat deur die Messias weer gevestig sal word en voorspel is deur die profete?”

[5] **Ek** sê: ”Hy sal wel vir die ware kinders en nakomelinge van Dawid en daarmee vir al die mense op die aarde `n nuwe en ewigdurende ryk vestig; egter nie op hierdie aarde nie, maar bo die aarde in die hemele! Wie die profete op `n ander manier uitlê, sal in duisternis wandel.”

[6] Na aanleiding van hierdie uitspraak gaan verskeie mense weg, want hulle glo in `n aardse Messias; maar baie versoek My om nadere toeligting.

[7] **Ek** sê: ”Julle wil ook tekens sien, anders glo julle nie! Volg My daarom na Kana en vandaar na die streek daaromheen; daar sal julle lesse en tekens kry!”

[8] In My geselskap was daar egter baie uit Kana, wat My vanaf die bruilof gedurende die hele tog om My leer uit te brei, baie getrou begelei het. En hulle wou gaan vertel van al die lesse en tekens wat hulle van My gehoor en gesien het.

[9] Maar **Ek** sê: “Vir hulle is die tyd nog nie ryp nie. Laat hulle ons egter volg na Kana; daar sal ons iets daaroor vertel en meer nog, hulle sal dit self sien en ondervind. En laat ons dan nou ons reis weer voortsit! Onderweg moet niemand egter iets sê nie, want hier is farisese bandiete teenwoordig!”

[10] Toe Ek dit sê, gee die Galileërs My gelyk en vertel hoe farisese spioene nou oral rondloer en die mense op straat aanhou, hulle oor alles uitvra, en hulle soms ook vra of `n sekere JaHshua uit Násaret homself êrens bevind en hulle onderrig. En **Ek** sê: “Juis daarom sal ons tot by Kana in stilte gaan; aan ons talryke geselskap sal hulle wyslik geen vrae stel nie!”

### ***In Kana in Galilea:***
### Die versoeking deur Satan

*(En JaHWèshua kom weer in Kana in Galilea aan, waar Hy water in wyn verander het. Johannes. 4: 46)*

**86** Na hierdie woorde sit ons die reis voort en ons bereik sonder enige moeilikheid die dorpie Kana. Toe ons daar aankom, gaan ons vinnig na die huis waar Ek die eerste wonder in die openbaar gedoen het. Binne `n uur weet byna die hele plek dat Ek en almal wat met My saamgegaan het, weer gelukkig en behoue daar aangekom het en almal kom uit om die aankomelinge te sien, te begroet en te verwelkom. En toe hulle My sien, het hulle nie genoeg woorde om My te loof en te prys vir die feit dat Ek in Jerusalem die tempel op so `n vasberade manier gesuiwer het nie! Want op die fees was daar ook baie uit Kana, en hulle het gesien wat Ek in Jerusalem tot stand gebring het, en het ook verneem hoe Ek daar baie siekes genees het en daarvoor prys hulle My buitengewoon.

[2] Ek vra hulle of daar geen siekes hier was nie. Hulle antwoord egter dat daar merkwaardig genoeg nie één mens siek was in die hele dorpie nie.

[3] **Ek** sê egter dat hulle na liggaam wel gesond was, maar nie wat die siel betref nie. “**Want wie vermenging en hoerery pleeg, is baie siek in sy siel**! Want deur hierdie sonde word die hart van die

mens van dag tot dag steeds harder, gevoelloser en onbarmhartiger teenoor sy naaste, en hy hou ten laaste slegs nog maar van homself, en die onderwerp waarmee hy vermenging kan pleeg, maar nie oor die onderwerp self nie, maar vanweë die vermenging. So `n hart ontvlug dan die woord van Elohim, wat hom wil afwend van sy slegte verlange en word uiteindelik selfs `n vyand van diegene wat die woord van Elohim in hulle hart bewaar en daarvolgens lewe. Vele van julle ly aan hierdie siekte en Ek het daarom weer na julle gekom, om julle van hierdie kwaadaardige en dodelike siekte te genees. Die van julle wat weet dat hy aan hierdie kwaadaardige siekte ly, laat diegene hulleself aan My toevertrou, en Ek sal hulle genees!"

[4] By hierdie aankondiging verlaat baie die huis direk, want die skuldiges word bang dat Ek hulle openlik sal verraai en daarom gaan hulle daar weg. Onder hulle was ook `n paar vermengers/egbrekers en bloedskenders en baie manne en vroue wat hulleself bevlek het en hulle was uiteindelik verlig dat hulle My Blik nie meer hoef te verduur nie.

[5] By baie gaan dit egter in die eerste plek nie daarom dat hulle nie genees wil word van die hartstog nie, maar dit gaan vir hulle baie meer oor die skande! Want hulle was eerbare, gesiene mense en dit sou baie onaangenaam vir hulle wees as hulle bure op hierdie manier gehoor het dat hulle liggaam swak was. Maar hulle het nie daaraan gedink dat hulle hulleself verraai het, deur na My baie goed bedoelde vraag te verdwyn nie.

[6] Van die baie wat oorgebly het, sê **`n paar**: "Nee, van hom of haar sou ek dit nooit gedink het nie!" **Ander** moes daaroor lag en sê: "U het dit slim gesê! Al het `n mens hulle tien jaar lank daaroor ondervra, dan sou hulle nooit iets daaroor gesê het nie; U het egter slegs liefdevol en vriendelik aangebied om hulle hiervan te genees, - en kyk, nou kies hulle almal die hasepad, hulle dink sekerlik dat U, wat water in wyn kon verander, hulle ook miskien by die naam sou roep en sê: "Jy het op hierdie manier en so baie keer gesondig, en jy op hierdie manier en so baie keer!" - en dit sou hulle natuurlik nie kon verdra nie en daarom hardloop hulle weg! Maar hulle het op daardie oomblik nie daaraan gedink dat hulle hulleself baie meer verraai het deur weg te loop nie! Ons veroordeel hulle daarom nie - want ons ken ons eie swakhede en ons weet wel dat dit altyd die beste is om die hand in eie boesem te steek - maar dit bly tog lagwekkend dat hulle glo dat deur hulleself uit die voete te maak, hulle nie herken sal word as die sondaars wat U bedoel het nie. Nee, hulle is selfs nog dommer as `n renoster uit Persië!"

[7] **Ek** sê: "Laat hulle gaan, die blinde dwase! Hulle skaam hulleself voor die mense; maar voor Elohim, wat die mees geheime denke altyd deursien en ondersoek, skaam hulle hulleself nie! - Ek sê vir julle: die skaamtegevoel ten opsigte van die wêreld is ydel. Hoe lank sal dit dan nog duur op hierdie wêreld? Weldra sal hulle liggaam, waarvan die vlees hulle so baie soete ure geskenk het, van hulle afgeneem word. Dan sal hulle naak in die ander wêreld beland, en daar sal tot in die fynste besonderhede luid verkondig word wat hulle op hierdie wêreld, hoe heimlik ookal, gedoen het! Dan sal daar `n egte en blywende skande hulle ten deel val en hulle sal dit daar nie so maklik kwytraak soos hier nie!

[8] Ek sê julle in al die erns: **wellustige mense, vermengers/egbrekers en hoere sal nie die ryk van Elohim binnegaan nie,** tensy hulle hulleself geheel en al bekeer van hulle slegte lewenswandel! Want dink daaraan, al die ander sondes begaan die mens buite sy liggaam en hy kan homself daarom makliker daarvan losmaak - want wat aan die buitekant plaasvind, het nie so `n verderflike invloed op die mens, as wat binne hom gebeur nie -; die hoerery gebeur egter in die mens, bederf die siel en die gees en is daarom ook die gevaarlikste van al die kwaad! Vermy dit daarom meer as enigiets anders en beskou dit as die pes; **want die prikkel van die wellus is Satan se kans vir `n greep!** Wee diegene wat hulleself so deur die Satan laat gryp het! Elkeen sal uiteindelik die grootste moeite hê om homself uit die kloue van die Satan los te maak. Onuitspreeklike lyding en verdriet sal sy deel wees! Onthou dit baie goed; want anders sal jy nog die oomblik en die dag belewe waarop jy dit baie sal berou! Laat ons nou egter gaan rus."

[9] `n Aantal van hulle wat met My saamgegaan het, gaan na hulle eie huise. My leerlinge, My moeder Mirjam en My broers, dit wil sê die vyf seuns van **Josef, bly egter by My**.